# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (49/10)

*Justin Chadwick (17 Desember 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK *"It's not that I'm so smart, it's just that I stay with problems longer" Albert Einstein*

## WYSE WOORDE

Mohammed Karaan is 'n Kommissaris van die Nasionale Beplanningskommissie en hy is ook geen onbekende in die sitrusbedryf nie. In die verlede het hy van CGA se werkswinkels gefasiliteer en die bedryf van advies voorsien. In 'n onlangse artikel in die Farmers Weekly (26 November 2010) het hy, wat hy glo, die tien belangrikste uitdagings vir Suid-Afrikaanse Landbou vandag gelys. Dit is interessant om daarop te let dat baie van hierdie ook deur die CGA in ons strategiese plan geïdentifiseer is, terwyl ander te doen het met die regulatoriese omgewing waarin ons onself bevind:

- **Die behoefte aan nuwe tegnologie om vooruitgang te dryf:** Twee derdes van produsente-heffings word aan navorsing en tegniese marktoegangsaktiwiteite gespandeer. Vir vars produkte om aan die voorpunt in terme van die bestuur van plae, siektes en vrugkwaliteit te bly, is dit noodsaaklik. Dit is nie onderhandelbaar nie.
- **Verander die samestelling en rigting van handel:** Die sitrusbedryf in suider-Afrika het uitgebrei tot op 'n punt waar minder as 50% van die produkte nou na die Europese kontinent en die VK gestuur word. Die Midde-Ooste neem ongeveer 20%, Verre-Ooste en Asië 13% en Rusland 12%. Ons benut China nog nie ten volle nie, terwyl Indië ook baie meer produk kan neem.
- **Ondersteuning aan swart produsente:** Met die stigting van die Citrus Growers' Development Chamber binne die CGA is die fokus op die produsente. Met verteenwoordigers van alle opkomende produsente–areas is CGA nou in die posisie om hierdie produsente te ondersteun in die behoeftes wat hul geïdentifiseer het – stel die produsent eerste.
- **Oplossing vir Grondhervorming:** Daar blyk erkenning van die Regering te wees dat Produsente Assosiasies 'n belangrike rol te speel het in die grondhervormingsarena. Onlangs het CGA ooreenkomste met die provinsiale regerings in KZN en Limpopo gefinaliseer, terwyl die Oos-Kaap hul dokument finaliseer. Gesprekke is ook met Mpumalanga aan die gang.
- **Generering van genoegsame menslike kapitaal om landbou vorentoe te neem:** Die Sitrus Akademie is deur CGA in 2005 begin om die sitrusbedryf van menslike kapitaal te voorsien. Met 'n beursfonds van R1 miljoen, sitrus spesifieke opleidingsmateriaal en 'n fokus van in diensopleiding het die Akademie in 'n kort tyd ver gevorder. Deur hande met AgriSETA en befondsinginstellings te vat kan meer gedoen word.
- **Weet wat die volgende groot druk in Landbou gaan wees:** Dit het die sitrusbedryf byna 100 jaar geneem om van die eerste uitvoerkarton (in 1906) tot 1 miljoen ton (in 2000) wat uitgevoer is, te gaan. Dit het 10 jaar geneem om met 'n verdere 50% toe te neem (vanaf 1 miljoen tot 1.5 miljoen ton in 2010). Ek glo dat daar selfs meer potensiaal is om te groei – suider-Afrika het 'n dominante posisie vir beide lemoene en pomelo's tydens die suidelike halfrond se seisoen, is kompeterend met sagte sitrus en is tweede na Argentinië met suurlemoene. Groei is nog moontlik.
- **Skep meer werk:** Die bose kringloop van werkloosheid, armoede en misdaad moet gebreek word. Sitrus is 'n arbeidsintensiewe gewas – die vrugtebedrywe het inderdaad 25% van landbou-arbeid in diens. Elke 1 hektaar sitrus is 1 permanente, voltydse werk. Uitbreiding van die sitrusbedryf SAL meer werksgeleenthede beteken en dit sal in die armer, landelike dele van Suid-Afrika wees.
- **Verseker dat ons landbou-instellings effektief is:** Suid-Afrikaanse sitrusprodusente betaal 100% van die sitrusnavorsingsrekening – vir baie jare nou word geen sitrusnavorsing deur die LNR gedoen nie. Meer onlangs het die CGA en CRI in gesprek met die LNR getree om 'n moontlike vennootskap te ondersoek. CGA werk nou saam met die NLBK en PPECB; beide is belangrike instellings en hul effektiewe funksionering is lewensbelangrik vir 'n lewendige sitrusbedryf. Sterk leierskap is noodsaaklik vir hulle om hul ware rol te vervul.

Die ander twee punte is om die **ware rol van landbou te verstaan** en **die behoefte om Suid-Afrika se belange eerste in Afrika te stel**.

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**